# Ek glo

## Bybelstudie vir Kleingroepe

## Die Apostoliese Geloofsbelydenis

### Julie – Desember 2023



**Saamgestel deur Paul Fick en Dr. Lizette van Rooyen**

MAGALIESKRUIN Gemeente

## Apostoliese Geloofsbelydenis

Ek glo in God die Vader, die Almagtige,
die Skepper van die hemel en die aarde;
en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees,
gebore is uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus,
gekruisig is, gesterf het en begrawe is
en ter helle neergedaal het;
wat op die derde dag weer
opgestaan het uit die dood;
wat opgevaar het na die hemel
en sit aan die regterhand van God,
die almagtige Vader,
van waar Hy sal kom om te oordeel
dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.
Ek glo in die Heilige Gees.
Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk,
die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die vlees
en 'n ewige lewe.

**Week 1: 30 Julie – 5 Augustus 2023**
**Bybelstudie: EK GLO**
**Teks:** 1 Petrus 3:15

| |
|---|
| Julle moet eerder wys dat daar in julle lewe net vir Een plek is, naamlik vir Chistus, die Here. As iemand julle uitvra oor die dinge wat God julle beloof het en waarna julle so uitsien, gryp die kans aan. Vertel hulle daarvan (1 Petrus 3:15) |

**Lees saam**

Wanneer ons iemand sou vra om te sê wat ons in die NG kerk glo verwys ons dikwels na ons geloofsbelydenis, oftewel die Apostoliese Geloofsbelydenis soos wat dit wêreldwyd bekend staan. Dikwels bely ons daardeur ons geloof en dis reg en goed so. Tog wonder ek baie kere as ons nou gevra sou word wat glo ons van dit wat ons bely hoeveel sou nou rêrig weet waarvan hulle praat. Miskien sal dit ons almal goed doen om weer na hierdie vrae te kyk. Dit is ook goed om, sover dit binne die menslike vermoë is en sover God die detail wel aan die mens in Sy Woord openbaar het, ons te verwonder aan God se genade teenoor ons. In die volgende weke gaan ons stilstaan by die Apostoliese Geloofsbelydenis en die betekenis van die gedeeltes daarin wat ons so dikwels bely. Vir die wat gedurende die Bybelstudie reeks meer wil nalees oor die geloofsbelydenis is daar die meegaande boek van Paul Fick, *EK GLO* wat vanaf ons die toep of Magalieskruin Gemeente webblad afgelaai kan word of jy kan die kerkkantoor kontak om dit per e-pos aan te stuur. Hierdie boek sal dien as die agtergrond van die Bybelstudie reeks en die weeklikse gesprekke sal daarop geskoei word.

**Dink saam (bespreek):**

1. Indien jy jou geloof in een sin moet bely, hoe sal jy dit doen?
2. Hoekom is dit nodig dat ons almal saam die geloofsbelydenis moet sê? Wat beteken dit vir jou om dit saam met ander te doen?
3. Vertel vir mekaar verhale van wat julle kan onthou waar hierdie geloofsbelydenis vir julle van onskatbare waarde was.
4. Lees weer 1 Petrus 3:15, en vertel vir mekaar wat dit in die lig van die geloofsbelydenis vir julle beteken.

**Bid saam:**

Bid vir julle reis deur die Apostoliese geloofsbelydenis gedurende die volgende paar weke.

Bid vir ons gemeente.

**Week 2: 6-12 Augustus 2023**

**Bybelstudie: Ek …**

**Teks:** Romeine 5:8-21; 6:23; Hebreërs 2:14-18; Romeine 10: 9-13

**Lees**

God het sonder dat Hy enige verpligting hiertoe gehad het, uit blote genade teenoor ons, sekere mense uitverkies om te deel in die wonderlike voorregte van sy verlossingsplan. As God nie die eerste stap geneem het om sekere mense uit te verkies nie, sou niemand uit liefde vir God, sy liefde beantwoord het nie. Geen sondaar is instaat om uit, en op sy eie, vir God te kies nie – geen sondaar het uit sy eie, enige begeerte na God nie. Juis daarom het elke mens God se Verlosser nodig. Die woordjie ‘ek’ vertel ons dan dat, al is ons almal mense, slegs diegene wat die Goddelike waarhede ten opsigte van die Vader, die Seun en Heilige Gees en hul werk in ons verlossing van harte aanvaar en glo, gered sal word. Dit beteken weer dat ‘ek’ as persoon hierdie waarhede moet glo; ek kan nie gered word op grond van enige ander persoon se geloof nie - nie my ouers, vriende of enigiemand anders se geloof nie.

**Dink saam (bespreek):**

1. Gesels met mekaar oor wat dit vir julle beteken om deur God gekies te wees om te deel in Sy verlossingsplan vir ons.
2. Deel met mekaar wat julle verhouding met die Here vir julle betekenin die lewens fase waarin jy nou is.
3. Wat beteken dit vir julle om te weet dat julle gered is?

**Bid saam:**

Dank die Here vir Sy verlossingsplan en dat ons deel kan wees daarvan.

Bid vir die mense wat nog nie die Here se redingsplan aanvaar het nie.

Dink aan mense wat julle ken vir wie julle kan bid en ook ander.

**Week 3: 13-19 Augustus 2023**

**Bybelstudie: 'GLO'**

**Tekste:** Johannes 14:6; Romeine 3:21-22; 5:1 -26; Handelinge 4:12; Matteus 7:21, Johannes 14:15, 21, 23-24; Johannes 15 :10; Jakobus 2:14-26; 1 Johannes 2:3-4, 1 Joh.3:18-19; Galasiërs 5:6, Efesiërs 2:8-10;

**Lees saam**

Alle mense, of hulle Christene is of aan enige ander godsdienstige groepering behoort, of selfs as hulle ongelowiges is, glo. Ons glo altyd in of aan iets. Dis eenvoudig net hoe die mens geskep is. Dis immers omdat ons na God se beeld geskape is, dat ons die vermoë gekry het om te kan glo—dis deel van jou vermoë om te kan kies. Geen dier of plant beskik oor die vermoë om aan of in enigiets te glo nie. Maar dan is dit belangrik om te weet dat blote 'glo' jou nie sal kan red nie; klomp mense glo aan 'n groot verskeidenheid van dinge. Die volgende aspek wat ons in ag moet neem, is die kwessie van wat die objek van ons geloof is, waarin glo ons. Nou is die vraag dan wat, of Wie, moet ek volgens die Woord van God in glo om my te red van die toorn van God oor my sonde wat ek teen Hom gepleeg het? God, wat ons Skepper is, het bepaal wat ons identiteit sou wees, naamlik as 'beelde van God', en het ook verder bepaal hoe ons na die mens se opstand teen Hom, versoen sal word met Hom en hoedanig hierdie beeld weer herstel sal word. En Hy het net één wyse en één Persoon aangewys as die Verlosser van die mens, naamlik Jesus die Christus. Hoor hoe Jesus dit self stel:

> *'Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.'* – Joh.14:6.

**Dink saam (bespreek):**

1. As julle vir iemand wat nog nooit gehoor het van die woord of konsep van geloof, julle geloof moet beskryf hoe sou julle dit doen?
2. Vertel vir mekaar wat julle geloof vir julle beteken.
3. Waarin glo ons as Christene? Hoe sou julle, dit wat julle glo verwoord.

**Bid saam:**

Bid saam dat julle geloof in die Here sal toeneem deur hierdie Bybelstudies.

Bid vir mekaar en vir julle gesinne se groei in geloof.

**Week 4: 20-26 Augustus 2023**

**Bybelstudie: “Ek glo … in”**

**Teks:** 1Joh.4:19; Jak.2:19; Jesaja 44:8; Joh.6:40; Hand.4:12; Joh. 17:3; 1 Joh.5:10-12; Rom.9:13-16

**Lees saam**

Alle mense glo—sommiges glo in of aan niks, ander aan ‘n verskeidenheid dinge. Daar is egter ook bitter min dinge waarin of waaraan sekere mense nie sal glo nie. Alles is natuurlik nie ewe goed of suksesvol om in of aan te glo nie. Dis ook nie die blote glo wat krag verleen aan die ding waarin ‘n persoon glo nie. Die betekenis van hierdie woordjie ‘in’ is op sy eie, losstaande van beperkte betekenis: dit dui gewoonlik plek of posisie aan—iets is in ‘n ander ding, soos suiker in ‘n suikerpot, iemand is in die moeilikheid, en nog meer. Daarom is hierdie een van daardie woorde wat se betekenis eintlik afhang van wat voor en wat na dit staan. Soos in hierdie geval wat ek beweer ek glo in die geloofsbelydenis. Jesus het graag die woordjie ‘in’ gebruik wanneer Hy oor Christene se verhouding tot God gepraat het. Gaan lees maar net Johannes 15.

**Dink saam**

Wat sê ons as ons vertel ons ‘glo **in**…’?

Bespreek die volgende punte en die tekste wat julle daarby saam lees en gesels oor wat dit vir elk van julle beteken. Wanneer ons van die christelike geloof praat, dan kan ons aan die volgende dink as dit **waarin** ons glo:

1. Glo ons in verhoudings en veral ‘n verhouding met God?
2. Glo ons om vertroue te hê in die Objek van ons geloof?
3. Glo ons in ‘n spesifieke geloof of is enige geloof geldig?
4. Glo ons in ‘n spesifieke Objek van geloof met uitsluiting van alle ander objekte?
5. Glo ons in ‘n spesifieke inhoud van ons geloof?
6. Glo ons dat geloof in die Persone van die Drie-eenheid tot sekere spesifieke resultate lei?
7. Glo ons in ‘n spesifieke Bron of Oorsprong vir ons geloof?

**Bid saam:**

Dank die Here dat ons in Hom kan glo.

Bid vir mense wat julle ken, mense in ons gemeente en gemeenskap wat worstel met waarin hulle glo.

**Week 5: 27 Augustus – 2 September 2023**

**Bybelstudie: "Ek glo in God die Vader …"**

**Teks:** Rom. 1:19-20; Psalm 19:2; Prediker 3:11

**Lees saam**

God is; God bestaan. Óf jy glo in God, óf jy glo nie in God nie, die Bybel laat geen ander alternatief toe nie. Hierdie eerste sin van die geloofsbelydenis, stem ooreen met hoe die Woord van God ook begin: 'In die begin het God die hemel en aarde geskep.' Alles wat God aan die mens wou openbaar omtrent Homself, begin in Gen.1:1. As jy hierdie vers nie glo nie, sal jy ook probleme ondervind om al die ander dinge wat God in Sy Woord aan ons openbaar te glo.

Een van die probleme is dat baie mense wat bely dat hulle in God glo, glad nie in die God van die Bybel glo nie, maar in 'n god wat van hulle eie maaksel is. Natuurlik is die ware God slegs dié God soos Hy Homself in Sy Woord en Sy Seun aan ons openbaar het. Daar is géén manier hoe jy en ek alles omtrent God sal kan weet of verstaan nie. Ons kan niks meer van God weet en verstaan as wat Hy in Sy alwysheid besluit het om aan ons deur Sy Woord en Seun aan ons te openbaar nie. God het in elke mens die wete geplaas dat Hy alleen God is. Hy het ook bepaal dat Sy natuur (skepping) en jou en my gewete daarvan sal getuig sodat geen mens sonder verskoning sal wees as ons eendag voor Hom verskyn nie (Rom. 1:19-20, Ps. 19:2 en Pred. 3:11). God het oral in Sy skepping Sy vingerafdrukke gelaat, en jy moet moedswillig wees om dit nie te sien nie.

Maar waarom al die betrokkenheid van God by die mens? Dit kan tog nie wees dat God die mens nodig het om volmaak God te wees nie. Dit is ook ondenkbaar dat God 'n nood aan verheerliking gehad het en daarom die mense geskep het om in hierdie behoefte te voorsien nie. Genade kan al rede wees waarom God steeds by die mens betrokke is. God se genade teenoor die mens word verwoord daarin dat Hy ons na Sy Beeld geskape het en geen mens kan waarlik mens wees soos God bedoel het as jy hierdie beeld deur sonde bly skaad nie. Die ware mens is iemand wat in 'n besondere intieme verhouding tot hierdie Skepper leef. Daarsonder sal jy geen ware vrede of vreugde ook ervaar nie. Jy bly soekend en onvergenoegd en mis jou doel op aarde.

**Dink saam (bespreek):**

1. Lees saam uit Johannes 14:1-14 bespreek saam hoe Jesus God die Vader aan ons openbaar.
2. Vertel vir mekaar wie God die Vader vir jou persoonlik is. Raak bewus van julle eie verhouding met God die Vader.

3. Wat beteken dit vir julle om te bely dat God julle Vader is, dat Hy almagtig is en dat Hy die Skepper van die hemel en die aarde is?
4. Wanneer ons, ons geloof bely dan bely ons dat God ons Vader is. Hoe kan ons deur ons daaglikse lewe vir ander wys dat God ons Vader is?

**Bid saam:**

Bid vir mekaar dat julle in hierdie week meer en meer sal besef wie God die Vader vir julle is.

Bid ook vir mense wat nie God die Vader ken nie, of worstel om die Vader hart van God te verstaan.

Bid vir ons gemeente, dat ons in afhanklikheid van God die Vader sal leef.

Bid vir mekaar vir spesifieke gebedsversoeke.

**Week 6: 3-9 September 2023**

**Bybelstudie: "Ek glo in God …die Almagtige Vader"**

**Teks:** Ps. 139:4&6; Gen. 18:14; Tit.1:2; 1 Kron. 29:11-12; Psalm 139:8-10; Ps. 49:8-10

**Lees saam**

Ons bely dat God die Vader Alomteenwoordig, Almagtig en Alwetend is. **Alomteenwoordig** beteken eenvoudig dat God oral, altyd en tegelykertyd in Sy skepping teenwoordig is. Vir die mens wat aan tyd en ruimte gebonde is—jy kan slegs op één plek op 'n sekere tyd wees—is hierdie begrip nie heeltemal begryplik nie. Vir die ateïs is God "Nowhere", maar vir die Christen is God "Now here!" Lees Ps. 139:8-10, 1 Kon. 8:27, Ps. 123:1, Hand. 17:27-28, Jes. 57:15, Mat. 18:20, Efes. 4:6, en Jer. 23:23 om meer hiervan te verstaan.

**Almagtig** beteken dat God alles kan doen wat die onderwerp van mag is. Daar is géén beperkings aan God se vermoë nie. Maar ons moet net mooi verstaan dat alhoewel God alles kan doen wat Hy wil, Hy nogtans nie alles wil doen wat Hy kan doen nie. God beperk Homself dus en Hy is die enigste Een wat Homself so kan beperk!

**Alwetendheid** beteken dat God volmaakte kennis het van alles, van almal en van elke situasie. Daar was nooit 'n tyd wat God nie alles van alles geweet het nie. Daar was nooit 'n tyd wat God iets moes leer nie, dat Hy ingelig moes word nie, of dat Hy advies moes gevra het nie.

Bogenoemde maak ons bewus van God se soewereiniteit, van die Drie-enigheid van die God waarin ons glo, en van die ewige bestaan van God. **Die soewereiniteit van God** word bekend daarin dat God nie net voor alle dinge is nie, maar dat Hy het alle dinge geskep het van die begin af. Hy is nie net besig om alle dinge in stand te hou nie, maar is ook oor alle dinge. Hy ken alle dinge, Hy kan alles doen, en Hy heers oor alle dinge, en daarom kan ons sê dat God in beheer is van alle dinge. Om God se soewereiniteit ook te verstaan, moet ons weet dat God ook alwetend en alwys is (Ps. 139:4&6, 147:5; Jes. 45:1, 46:10; Dan. 2&7; Rom. 11:33; Efes. 1:4; 1 Petr. 1:2; en Hebr. 4:13). Dit alles sou niks beteken het as God nie ook almagtig was nie. Wat sou dit help om al die kennis omtrent alle dinge te hê, maar niks daaromtrent te kon doen nie. Lees gerus weer Gen. 18:14, Mat. 19:26, en Jer. 32:27. Maar om almagtig te wees, beteken nie dat God teen Sy eie Natuur kan optree nie. So kan God byvoorbeeld nie lieg nie (Tit. 1:2; Hebr. 6:18; 1 Sam. 15:29). Soewereiniteit beteken ook dat God oor alle dinge wat Hy geskep het, heers. Soos 'n aardse koning oor sy koninkryk heers, so heers God oor Sy koninkryk (1 Kron. 29:11-12; Ps. 10:16, 24:8, 29:10, en 48:2). Laastens, God heers nie net oor alles en almal nie, maar Hy is ook wesenlik in beheer van alles en almal. Niks geskied buite

God se wil nie, selfs al verstaan ons nie altyd God se wil nie (Job 42:2; Ps. 115:3, en 135:6).

Ons glo ook in die Drie-enigheid van God. Die Drie-eenheid laat ons ook beter verstaan wat by die kruis gebeur het ter wille van jou en my. Jesus het elke keer wanneer Hy van of met God die Vader gepraat het, na “My Vader” verwys, maar op die stadium toe die wêreld se sondes op Hom gelaai was, kon Hy slegs tot “My God “ roep. God die Vader het as’t ware Sy rug gedraai op die Een op wie die sondes van die wêreld gerus het. Ons hoor met hierdie woorde hoe God tot God roep! Hoe is dit moontlik dat een Mens die straf vir die sondes van die hele wêreld kon dra, mag iemand vra, en weer sien ons die antwoord in die Drie-eenheid lê. Slegs Een wat ook waarlik God is—Jesus Christus—kon dit regkry (Ps. 49:8-10). Dié Een wat vir ewig bestaan. God het geen verlede, hede of toekoms nie. Hy is eenvoudig net in ‘n ewigdurende hede, in die hier-en-nou waarin jy lewe en bely dat jy glo in God, die Almagtige Vader.

**Dink saam (bespreek):**

1. Vertel vir mekaar wat die volgende woorde vir julle beteken, as julle aan God dink:
    a. God is soewerein
    b. God is alomteenwoordig
    c. God is almagtig
    d. God is alwetend
2. Wat beteken dit vir julle om ‘n Drie-enige God te dien? Vertel vir mekaar hoe julle dit vir iemand sal verduidelik wat nie in God glo nie.
3. Wat beteken dit vir julle om ‘n God te dien wat vir ewig bestaan? Watter hoop hou dit vir julle in?

**Bid saam:**

Bid vir mekaar dat julle in hierdie week meer en meer sal begryp hoe wonderlik die soewereiniteit van ons Alomteenwoordige, Almagtige en Alwetende, Drie-enige God is.

Bid ook vir mense wat worstel om dit te verstaan.

Bid vir ons gemeente, dat ons ‘n verdieping in ons verhouding met God Drie-enig sal hê.

Bid vir mekaar vir spesifieke gebedsversoeke.

**Week 7: 10-17 September 2023**

**Bybelstudie: “Ek glo in God...die Skepper van die hemel en die aarde”**

**Teks:** Hebr. 13:8; Efes. 3:17-19, Job11:7-9, en 36:26; Ps. 145:3; Deut. 32:39; Jes. 45:21-22; Jes.46:5.

**Lees saam:**

God is groter as Sy Skepping, maar hoé groot sal ons as Sy skepsels nooit begryp hier op aarde nie. God is nie selfsugtig nie—alles behoort in elk geval aan Hom (Ps. 24:1). Hy leen aan jou en my ons lewens, ons kinders, ons besittings, alles, en Hy verwag verantwoordelike optrede daaromtrent van ons en gaan ook rekenskap daarvan eis in die toekoms. Maar het jy ook al gesien dat as God gee, dan gee Hy oorvloedig. Kyk na die natuur—daar is baie gras, baie blare aan bome, baie berge, baie wolke, baie water, groot mere, baie sterre, baie seëninge, meer as wat ons kan opnoem.

Johannes 1:18 se stelling dat “Niemand het God nog ooit gesien nie”, is vandag ook waar. God self verklaar ook dat geen mens God kan sien en bly lewe nie (Eks. 33:18-20). Hoekom kan ons God nie sien nie? Ek dink deel van die antwoord lê in Jesus se woorde in Joh.4:24—God is Gees. God is dus nie materie nie. Dis onder andere ook hoekom die mens reg van die begin verbied is om ‘n beeld van God te maak. Ons weet nie hoe God lyk nie en enige iets wat ons ookal kan maak om God te verteenwoordig, sal verkeerd wees en God kleiner maak as wat Hy werklik is (Jes. 46:5; Deut. 4:15-19). Jesus het ‘n fisiese liggaam gehad toe Hy hier was sodat ons iets van God se grootsheid te kan leer.

Vandag vra baie mense nog dat ons God vir hulle moet wys. Jesus het gesê dat as mense in Hom glo, dan kan hulle God sien. As erfgename saam met Jesus moet ek en jy daagliks meer na Jesus se Beeld groei want dan alleen kan God sigbaar word vir die wêreld. Die probleem is dat mense so min van Jesus in ons sien. Ons kan wel, en moet ons ook, God aan die mense bekendmaak in wat Hy vir ons en in ons gedoen het. Alhoewel ons nie weet hoe Hy lyk nie moet ons lewens ‘n uitstraling van Sy genade wees sodat ander God ook kan leer ken.

Jakobus 1:17 vertel ons God kan nie verander nie. God verander nooit nie, Hy is volmaak en enige verandering sou tog beteken Hy word minder volmaak, of dat Hy dan nooit volmaak was nie. God kan nie groter, slimmer, wyser, meer liefdevol, meer magtig of meer genadig word nie. Daar is ook geen rede waarom God moet verander nie. Hy is volmaak in beheer (Jes. 46:9-10; Ps. 102:27). Die feit dat God nie kan verander nie, is ‘n wonderlike troos en bemoediging vir elkeen van ons. God sal nie soos die mens wispelturig raak nie. Hy is getrou aan Homself en Sy heilige Karakter, en elke kind van Hom kan daarop reken dat Hy sal wees soos Hy is en sal doen soos Hy beloof het. HY

IS ONVERANDERLIK!  In ‘n wêreld waar niks dieselfde bly nie, nie ten aansien van voorkoms, waarde, prys, gehalte of toestand nie, is dit vir Christene ‘n groot troos en bemoediging om te weet dat die God wat hulle aanbid, nie aan enige van bogemelde veranderlikes gebonde nie, maar inderdaad onveranderlik is.

**Dink saam:**

1. Hoe kan ons in ons eie woorde probeer om iets van God se grootheid in ons lewens te beskryf?  Dink aan voorbeelde uit julle eie lewens en ook uit die Bybel.
2. As iemand nou by julle aansluit en dan vir julle vra hoe God lyk, wat sou julle vir die persoon sê?
3. Dink julle God kan van gedagte verander? Hoekom dink julle so?
4. As ons se dat ons God se hande en voete is in hierdie wêreld, waarom dink julle bly mense ons vra na hoe God lyk?
5. As ons volgens God se wil lewe, waarom bly mense na God se wil vra?

**Bid saam:**

Bid dat julle in hierdie week meer en meer tot die besef sal kom van die grootheid van God.

Dank die Here dat Hy gister, vandag en more dieselfde bly.

Bid vir elkeen wat worstel met die feit dat hulle nie God kan sien nie.

Bid dat hulle iets van God se grootheid sal leer ken en daardeur Hom sal kan sien, nie met hulle oë nie, maar met hulle harte.

Bid vir gebedsversoeke.

**Week 8: 18-24 September 2023**

**Bybelstudie: "Ek glo in ...Jesus Christus, Sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het"**

**Teks:** Joh. 10:30; Rom. 10:9; Jes. 7:14, Mat. 1:20&23; Luk. 1:35; Ps. 49:8-10; 2 Kor. 5:21; Rom. 5:6; Ps. 49:8-10; 2 Kor.5:21; Rom. 5:6; Joh. 19:10; Jes. 53:4-6 en 8-9; Hand. 4:27-28; Rom. 6:4.

**Lees saam**

Die vraag na wie Jesus Christus is, is die kernvraag van die geskiedenis, en die antwoord van elke mens op hierdie vraag, bepaal sy ewige lot. Die feit is net dat Jesus die één Persoon in die geskiedenis is, wat nie geïgnoreer kan word sonder ewige gevolge nie. God se Woord het dit deur al die eeue duidelik gemaak, beide voor, en na Sy geboorte, dat Jesus die Seun van God, die langverwagte Messias, die Verlosser van die wêreld, is.

Die woord 'Eniggebore' vertel ons iets unieks omtrent God en Jesus. Jesus Christus is uniek, enig in Sy 'soort.' Omdat Jesus dan die eniggebore Seun van God is, kon Hy sê: "Ek en die Vader is Een" (Joh. 10:30). Jesus is ook Here, 'n woord wat dikwels in die Romeinse Ryk gehoor was, en wat beteken 'Absolute Heerser', die Finale Gesag. Daar is geen ander of groter gesag as die Here nie. Hy is ook God as synde die Tweede Persoon in die Drie-eenheid. Rom. 10:9 vertel ons hierdie waarheid en sy gevolge.

Ons bely verder dat Jesus deur die Gees van God verwek is en uit 'n maagd gebore is (Jes. 7:14; Mat. 1:20&23; Luk. 1:35). Dit beteken eerstens dat Jesus gebore was deur 'n direkte aksie van God Self. Tweedens beteken dit dat geen man betrokke was by die proses van Jesus se geboorte nie. Derdens beteken dit dat Jesus wel 'n menslike moeder, maar geen menslike vader gehad het nie. Vierdens beteken dit dat Jesus dus ten volle mens, maar ook ten volle God was. Hy was/is nie half mens en half God nie, maar ten volle God en mens. Vyfdens beteken dit dat Hy sonder 'n sondige natuur gebore is. Hy het nie Adam se sondige natuur geërf nie.

Ten einde Verlosser te kon wees, moes daar aan drie voorwaardes voldoen gewees het:

- Hy moes 'n mens gewees het—geen engel kon vir die mens se sondes betaal nie.
- Hy moes 'n Onsterflike mens gewees het—'n gewone sterfling kon nie die prys betaal wat vereis was nie (Ps. 49:8-10).
- Hy moes 'n Onskuldige Man gewees het—geen sondaar kan betaal vir 'n ander sondaar se sondes nie.

Sonder die maagdelike geboorte sou Jesus se sterwe geen betekenis gehad het nie—net nog ‘n mens het aan ‘n kruis gesterf.  Die maagdelike geboorte toon juis dat Hy die Seun van God is en dit gee betekenis aan die kruisdood—as sondelose het Hy kom betaal vir ons sondes (2 Kor. 5:21; Rom. 5:6).

Wanneer ons na die belydenisskrif kyk, dan sien ons ook dat direk van Jesus se wonderbaarlike geboorte gespring word na Sy kruisdood.  Niks word verklaar oor Sy lewe en wonderwerke nie.  Één mens word uitgesonder om iets van die kruisdood te sê: Pontius Pilatus.  Ons sou kon vra waarom nie Kajafas, Herodus, die Romeinse soldate, Judas of die gepeupel nie?  Die antwoord lê in die gesprek wat Pontius Pilatus met Jesus gehad het: “ **Praat jy nie met my nie? Weet jy nie dat ek die mag het om jou los te laat nie en ook om jou te kruisig nie?** (Joh.19:10). Pilatus was nie hier besig om te spog nie; hy het ‘n feit gekonstateer.  As goewerneur het hy die mag van lewe en dood oor al die inwoners van sy gebied gehad.  As die Joodse leiers dan die geweer gelaai het, was dit Pilatus wat die sneller getrek het.  Meer as eenmaal het Pilatus inderdaad bevind dat Jesus onskuldig was, maar nogtans, omdat hy ‘n swakkeling was, en meer na sy eie belange omgesien het, het hy Jesus onskuldig laat kruisig.

Ons moet nie verby die waarheid hier kyk dat Jesus vir **ons** gesterf het nie – dit was my en jou sonde wat Hom aan die kruishout laat vasspyker het (Jes. 53:4-6).  Eers as jy en ek daardie grudood aan die kruis verstaan, verstaan ons die omvang van ons sondes.  Ons moet egter een verdere punt nie mis nie: die dood van Jesus was deel van God se plan.  God het vir my en jou en die wêreld so lief gehad dat Hy Sy eniggebore Seun doelbewus in jou en my plek laat sterf het, sodat ek en jy vir ewig mag lewe! (Hand. 4:27-28). Hierdie verskriklike sonde van die mens, toe hy sy Verlosser gekruisig het, het die hemelpoorte oopgemaak vir almal wat daar wil ingaan!

Verder sê die belydenisskrif iets om Jesus se dood te beskryf  Hy is gekruisig (die ‘hoe’), Hy het gesterf (die ‘feit’), Hy is begrawe (die ‘gevolg’) en Hy het ter helle neergedaal (die ‘resultaat’).  Hierdie gedeelte bevestig die feit dat die profete van God (o.a., Jesaja) al honderde jare voor die tyd verklaar het dat Jesus sou kom **om te sterf.**  As Jesus nie gesterf het nie, dan het Hy eenvoudig die doel van Sy koms gemis.  Dan kon Hy nie uitroep “**Dit is volbring!”** nie.  Deur te sê dat Hy begrawe is, sê ons baie meer as bloot dat Sy liggaam in ‘n graf weggelê was.  Reeds 700 jaar voor Christus se sterwe, het Jesaja al gesê dat Hy begrawe sou word (Jes. 53:8-9).  Omdat die Romeine die kruisdood vir die ergste van kriminele en vyande van die staat gereserveer het, was daar ook nou nie veel oor die bestemming van die gekruisigdes se liggame bekommer nie.  Die gebruik was dat hulle van die kruise verwyder is en op die brandende ashoop gegooi is waar dit verbrand is.  Tog word gesê dat hierdie besondere Een Gekruisigde se liggaam nie op die ashoop sal beland nie, maar dat Hy begrawe sou word!  Ons lees in al vier die evangelies die feit dat Jesus wel begrawe is, en uit die vier weergawes vind ons veel detail van die begrafnis.  Weereens is dit om te wys dat Jesus wel gesterf het.  Hy is die

dood in met jou en my sondes, en toe Hy opstaan, was ons sondes vir ewig weg. Wat met Jesus gebeur het by Sy dood, sal ook met ons gebeur by ons dood. Hy het die dood ingegaan en net so sal ons ook sterf. Maar Hy het opgestaan en die dood oorwin sodat ons ook kan leef al het ons gesterwe. Hy het die dood se mag verbreek, en die dood kan ons nie hou nie (Rom. 6:4).

**Dink saam (bespreek):**

1. Vertel vir mekaar wie Jesus vir elkeen van julle persoonlik is.
2. Deel met mekaar wat hierdie gedeelte van die geloofsbelydenis wat ons vandag behandel vir julle beteken.
3. Hoekom dink julle is dit vir mense moeilik om dikwels hierdie gedeelte oor Jesus in ons geloofsbelydenis te verstaan?

**Bid saam:**

Bid dat julle kennis oor, en verhouding met Jesus net elke dag sal toeneem.

Bid dat ons meer en meer sal verstaan wat Jesus vir ons gedoen het en dat dit ons in ‘n dieper verhouding met die Here sal plaas.

**Week 9: 24-30 September 2023**

**Bybelstudie: "Ek glo in Jesus … wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader …"**

**Teks:** 1 Kor.15:17; Hebr. 4:14; Hebr. 10:11-12; Fil. 2:9-11.

**Lees saam**

Dit was Billy Graham wat gesê het dat as dit sy taak moes wees om die christendom aan te val, dan sou hy ongetwyfeld by die opstanding van Jesus begin en daar geëindig het. Hy is reg. Val die opstanding weg, dan val die christendom daarmee saam. Dis onmoontlik vir die christelike geloof om te bestaan sonder die opstanding (1 Kor. 15:17). Die feit is net dat deur die eeue verskeie teorieë aangebied is om dan die afwesigheid van Jesus se liggaam uit die graf, te probeer verduidelik. Wanneer mens die getuienis lees soos in die Bybel aangetref word, dan blyk al die teorieë hopeloos ongegrond te wees. Was die engel dan ook by die verkeerde graf? Het die engel leuens vertel toe beweer is dat Jesus opgestaan het? Wat van die Romeinse wagte by die geseëlde graf? Hoekom sou die dissipels die liggaam steel en dan daaroor lieg tot so 'n mate dat hul vir daardie leuen later 'n marteldood gesterf het? As die owerheid die liggaam verwyder het, kon hul mos net later die liggaam langs die Via Dolorosa geparadeer het, en dit sou die einde van die christelike geloof gewees het. Hoe hallusineer 500 mense tegelykertyd toe Jesus aan hulle verskyn het? Hoe het Jesus self die graf wat geseël en bewaak was, oopgekry? Onthou, Hy was volgens dié teorie 'n gewone mens, en die Romeinse wagte moes gelieg het toe hulle vir Pilatus gaan sê het Jesus was werklik dood.

Daar is eenvoudig géén verduideliking vir die leë graf nie anders as sou Jesus uit die dood opgestaan het, soos die profete honderde jare vroeër, en Jesus Self ook, voorspel het. Indien die opstanding nie waar was nie, dan was ons geloof nutteloos. Dan was ons steeds in ons sondes en verlore. Dan sou ons nooit weer ons geliefdes kon sien nie, en dan was ons die mees patetiese van alle mense. Omdat die opstanding waar is, het ons geloof in Christus betekenis. Alleen daarom het ons vergifnis van ons sondes ontvang, sal ons ons geliefdes weer sien, sal ons tot in alle ewigheid in God se teenwoordigheid leef tot Sy eer.

**"… wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, …"**

Wat beteken dit as ons bely dat Jesus aan die regterhand van die Vader sit? Om aan die

regterhand van ‘n koning te sit, was die grootste eer wat jou aangedoen kon word in antieke tye. Dit was nie net ‘n ere posisie nie, maar ook een wat net aan die koning se grootste vertrouelinge gegee is. Dit sê vir ons Hy het ook ‘n permanente posisie in die hemel—Hy is terug in heerlikheid na waar Hy vandaan gekom het toe Hy in die eerste plek na die aarde gekom het. Dit sê ook vir ons dat Sy werk van verlossing en versoening afgehandel is. Geen hoëpriester sou dit gewaag het om in die Allerheiligste te gaan *sit* nie. Net Jesus as ons ewige Hoëpriester kon gaan sit omdat Sy eenmalige versoeningstaak afgehandel is—‘dit is volbring!’ (Hebr. 10:11-12). Dit sê ook vir ons dat Jesus die hoogste posisie van eer in die heelal beklee (Fil. 2:9-11). Die Slagoffer het die Oorwinnaar geword. Die doringkroon is vervang met die kroon van heerlikheid. Die spies het die septer van koninklike heerskappy geword.

Wat beteken die waarheid van Sy Hemelvaart vir ons elke dag? Omdat Hy as Mens ook aan ons lyding en versoekinge onderwerp was, weet Hy waardeur ons elke dag gaan, en verstaan Hy ons. Hy ken ons deur en deur. Tweedens beteken dit dat Hy vir ons daagliks by die Vader intree. As ek moedeloos raak, weet ek Hy bid vir my. As ek swak voel in versoekings, weet ek Hy bid vir my. As my geloof klein raak, weet ek Hy bid vir my. Wanneer dit vir my voel ek is besig om ‘n verlore stryd te voer teen my eie ek, dan weet ek Hy bid vir my. Wat ‘n wonderlike troos en bemoediging! Soos die Gees my swak gebede te hulp kom (Rom. 8:26-27), so bid Jesus vir my voor die Vader (Hebr. 7:24-25).

**Dink saam (bespreek):**

1. Wat beteken Jesus se opstanding vir jou/julle?
2. Deel met mekaar wat dit vir julle beteken as ons sê dat Jesus aan die regterhand van God sit.
3. Lees saam uit Heb. 7:24-25 en 1 Johannes 2:1. Wat beteken hierdie woorde vir julle?

**Bid saam:**

Dank die Here vir Jesus se opstanding en ereplek langs God die Vader.

Bid vir mekaar dat julle elkeen sal vashou aan die waarheid van die opstanding van Jesus en aan Hom as voorspraak by die Vader.

**Week 10: 1-7 Oktober 2023**

**Bybelstudie: “Ek glo in Jesus … vanwaar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het …”**

**Teks:** Johannes 14:3

| |
|---|
| “En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.” |

**Lees saam**

Hierdie deel van die Belydenis vertel ons twee waarhede: Jesus gaan weer kom, en Hy gaan kom om te oordeel oor alle mense, lewend of dood. Niemand gaan die wederkoms of die oordeel vryspring nie. En die oordeel sal wees oor dit wat ons gedoen, gedink en gesê het, of nie gedoen of gesê het nie toe ons wel moes gedoen en gepraat het, terwyl ons op hierdie aarde geleef het. Kyk ons na die wêreld om ons, en luister ons na wat hulle sê, dan is dit eenvoudig so dat vele mense leef asof hulle nie een van hierdie twee waarhede glo nie. Dit is duidelik uit Joh. 14:3 en ander tekste dat Jesus...

- Persoonlik sal kom , en nie een of ander gesant of plaasvervanger nie;
- Letterlik sal kom, en nie in ‘n droom of visioen nie;
- Sigbaar sal kom, sodat almal Hom sal sien – Openb.1:7;
- Skielik sal kom, en nie oor ‘n tyd nie; Onverwags sal kom, niemand sal Hom verwag nie – 1Tess.5:2.

Hy sal nie net in heerlikheid verskyn nie, maar ook as Regter. Alle mense wat Hom as Verlosser verwerp het, sal voor Hom as hul Regter verskyn om tot die ewige hel gevonnis te word, sonder enige moontlikheid dat daardie vonnis ooit weer in die ewige toekoms versag sal kan word. Wanneer daardie dag sal wees, weet God alleen, maar ons weet wel dat God in groot genade daardie dag uitstel omdat Hy mense steeds ‘n kans wil gee om hul te bekeer (2 Petr. 3:3-10). Maar baie het al so voorspoedig geword, dat hierdie wêreld hul hemel geword het. Hulle stel nie meer belang in ‘n ander hemel nie. Jesus sal wel kom op die dag wanneer alles gereed is volgens God se plan—nie ‘n dag vroeër of ‘n dag later nie.

**Dink saam (bespreek):**

1. Is jy/julle gereed vir die wederkoms?
2. Wat beteken die wederkoms vir julle?
3. Hoe dink julle interpreteer mense in ons dag en tyd die wederkoms verkeerd. Hoekom sê julle so?

**Bid saam:**

Dank die Here vir die wederkoms en spesifiek oor dit wat dit vir julle beteken.

Bid dat elkeen van julle in die groep gereed sal wees vir die wederkoms en nie onseker of bang sal wees daarvoor nie.

Bid vir julle gesinne en families dat hulle ook gereed sal wees.

**Week 11: 8-14 Oktober 2023**

**Bybelstudie: “Ek glo in die Heilige Gees”**

**Teks:** 2 Kor. 5:17-18; 2 Kor. 3:18; Joh. 7:37-39; Rom. 8:26-27; Joh. 3:5-8; Joh. 4:14 en Joh. 7:37-39

**Lees saam**

Dit is belangrik om nie net te bely dat ons glo in die Heilige Gees nie, maar dat ons werklik sal weet wat die Gees se betrokkenheid is by God se kinders en wat dit vir elkeen van ons beteken. Hy is nie gestuur bloot as Bron van klomp informasie nie, om ons bloot te herinner aan Jesus se woorde nie, maar juis as die Agent in ons transformasie, Dit is ‘n transformasie na die nuwe skepsel waarvan God in sy Woord praat, die een wat daagliks deur die Gees se werking in ons, in staat gestel word om meer en meer na Christus se beeld gevorm te word (2 Kor. 5:17-18; 2 Kor. 3:18). Die Heilige Gees is die direkte Agent tussen ons harte en die Vaderhart. In God se goedheid het Hy ons dan twee Voorsprake gegee: eers Jesus as die Eerste wat ons Voorspraak by die Vader is, en dan die Gees wat ons inwonende Voorspraak is om ons elke dag hier te leer en te lei en vir ons intree (Rom. 8:26-27).

In die Woord sien ons dat die Heilige Gees ons *nuutmaak,* ons *deurdrenk,* en in die ons *voed.* Die Gees vloei dus *in* die gelowige *in,* vloei dan *deur* die ganse wese van die gelowige, en vloei dan *uit* die gelowige *uit* na andere. Die Gees werk dan *in* die gelowige, *met* die gelowige en *deur* die gelowige. Al drie hierdie aspekte verwys na drie baie belangrike aspekte van die christelike lewe: ons verlossing, ons heiligmaking en ons diens op grond van ons verhouding met Christus. Die Heilige Gees is die direkte Agent tussen ons harte en die Vaderhart.

**Dink saam:**

1. Waarom is dit nodig dat ons die Heilige Gees ken en in Hom glo? (Fillipense 2:12-13)
2. Hoekom dink jy sukkel mense om Heilig te lewe?
3. Hoe sou jou lewe gelyk het sonder die Heilige Gees? Motiveer jou antwoord.
4. Wat beteken dit vir jou om te weet die Heilige Gees is met jou?

**Bid saam**

Bid vir mekaar dat die Heilige Gees julle in ‘n dieper verhouding met God sal bring.

Bid ook dat julle die Heilige Gees sal kan hoor en herken as Hy met julle praat.

**Week 12: 15-21 Oktober 2023**

**Bybelstudie: “Ek glo in die Heilige Gees” (vervolg)**

**Teks:** Joh. 3:5; Joh. 14:16; Rom. 8:16; Joh. 4:13-14; Efes. 5:18; Joh. 7:38; Fil. 2:12-13, en 4:13

**Lees saam**

In Joh.3:5 het ons te make met die Gees se aanvanklike werking, maar in ‘n sin ook sy finale werk, want as die mens se gees geopen is vir die inkoms van die Gees, dan is dit finaal. Hy sal dit nooit weer verlaat nie. Ons moet hierdie twee dinge omtrent die Gees onthou: Hy kom in die gelowige om nuut te maak. As die Gees van lewe, kom Hy die nuwe lewe gee, en hierdie nuwe lewe is die basis vir alle verdere werk in die lewe van elke gelowige. Tweedens, die Gees het in ons kom woon met die doel om permanent in te woon, om ons nooit weer te verlaat nie. Juis hieroor het Jesus die belofte in Joh.14:16 aan die dissipels gemaak. Hier kan ons dan nou ook Paulus beter verstaan waar hy in Rom. 8:16 vir die gemeentes in Rome skryf oor die Gees, wat elke gelowige ontvang, se taak in ons.

In Joh. 4:13-14 het ons te make met die rol van die Gees in ons daaglikse, konstante groei in heiligmaking soos ons as gelowiges Hom toelaat om in ons te werk en ons te deurdrenk met sy teenwoordigheid sodat ons kan groei na Jesus se beeld. Die Gees is nie bloot tevrede om in die gelowige in te kom nie. Nee, Hy wil elke gelowige se siel, liggaam, gedagtes en wil deurdrenk en in volle beheer daarvan wees. En die rede? Hy moet ons lei op die pad van heiligmaking – om meer soos Jesus te word. Hier praat ons dan ook oor die vervulling met die Gees. Dit is wat Paulus in Efes. 5:18 bedoel het.

Die inwoning deur die Gees, en om deur die Gees deurdrenk te word, is nie ‘n doel opsigself nie, maar ‘n ‘middel’ tot die bereiking van die uiteindelike doel. Die doel is om meer en meer soos Jesus te word en dan meer en meer deur die Gees gebruik te word as God se instrument tot die uitbreiding van die evangelie van Christus. Dit is waarom elke gelowige, soos ons hierbo reeds gesien het, ook ten minste een gawe van die Gees ontvang het: om ander daarmee te dien en te bedien tot verheerliking van die Vader. Die Gees wil die bediening van Jesus, wat intussen opgevaar het, voortsit, en daarom wil Hy inkom, maar ook ons hele wese deurdrenk om van ons bevoegde, geloofwaardige en bekwame getuies vir Hom te maak, sodat Hy deur ons die bediening van Jesus in hierdie wêreld kan voortsit.

Natuurlik hoor ek jou as jy vertel van al jou tekortkominge. Jy kan nie goed praat nie, jy is nie ‘n goeie luisteraar nie, jy is ‘n introvert, en nog meer. Maar dink jy regtig God weet dit nie ook nie? Nogtans het Hy jou en my uitgekies om sy kinders te wees en toe te rus deur Sy Gees met hierdie taak as sy getuies. Hy werk nie deur volmaaktes nie,

maar deur getroues. Juis daarom het Hy sy Gees in jou en my gegee sodat ons, nieteenstaande al ons natuurlike tekortkominge, in staat sal wees om sy ore, oë, mond, hande, voete en hart te kan wees (Fil. 2:12-13, 4:13).

**Dink saam (bespreek):**

1. Daar word vir ons drie duidelike aspekte van die Gees se betrokkenheid by God se kinders in die Bybel gegee:
   (a) Sy inkom in die lewe van die gelowige: Kyk en bespreek met mekaar hoe Jesus in Joh.3:5-8 dit stel.
   (b) Die opborrelende fontein van die Gees in die gelowige. Lees Joh.4:14 en bespreek met mekaar wat julle dink Jesus vir ons wil vertel.
   (c) Die uitvloeiing van die Gees uit die gelowige. Wat dink julle groep wil Jesus vir ons hier verduidelik in Joh.7:37-39?

**Bid saam:**

Bid vir elkeen, dat julle elkeen ‘n oop kanaal sal kan wees waardeur die Here kan werk.

Bid dat elkeen vervul sal wees met die Gees en dat God daardeur in julle groep aan die werk sal wees.

Bid dat die Heilige Gees ‘n opborrelende fontein sal wees in julle lewens, waaruit God se liefde en seëninge uit julle lewens vloei na die wêreld.

**Week 13: 22-28 Oktober 2023**

**Bybelstudie: “Ek glo aan ‘n heilige, algemene, Christelike kerk, …”**

**Teks:** Kol. 1:18; Efes. 4:12-16; 1 Kor. 12:12; 1 Kor. 3:11; Efes. 4:4-6; 1 Petr. 2:5; Openb. 3:1-2 en 15-18; 1 Joh. 1:1-4 en 7.

> **“Ek [sal] My kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.” (**Mat. 16:18).

**Lees saam**

Die kerk is dié instansie van God waaraan niemand kan behoort alvorens hy nie erken hy is ‘n verlore sondaar nie! [Ek praat nie van mense wat bloot ‘op die boeke’ as lidmate genoem word nie.] Dit is eenvoudig net so, dat as ons die naakte, en volle waarheid omtrent elke ander kerkganger moes weet, en hulle ook die naakte en volle waarheid omtrent ons moes weet, ons almal, soos een skrywer opgemerk het, dalk al gillende uit die kerk sou storm!

Die feit is net eerstens dat die kerk nie ‘n predikant, pastoor, pous, priester, sinode of kerkraad se kerk is nie. Dit is dis Jesus Christus se kerk (Kol. 1:18; Efes. 4:12-16; 1 Kor. 12:12). Om hierdie rede is dit onmoontlik om van ‘n kerk, soos die Bybel bedoel, te praat as Jesus misken word. Dis dalk iets anders soos ‘n godsdienstige klub, vereniging, maatskappy, of wat ookal. Maar één ding is dit nie—dit is nie ‘n kerk nie! Dis om hierdie rede dat ons bely dat ons glo in ‘n *christelike* kerk. God se definisie van Sy kerk is baie eenvoudig: geen Christus wat bely word = géén kerk! Let tog verder op: ons bely dat ons glo in **<u>‘n</u>** kerk (enkelvoud). Daar is slegs één kerk van Jesus Christus. Ons is almal, waar ookal in die wêreld, slegs een liggaam van Christus en deel van een kerk (1 Kor. 3:11; Efes. 4:4-6).

In die ou weergawe van die Belydenisskrif is gepraat van ‘n ‘heilige, Katolieke kerk’. Al wat die woord ‘katoliek’ beteken het, was ‘algemene’ en dit het niks te make gehad met die Rooms Katolieke kerk nie. Die woord is dus vervang met ‘algemene’ om daarmee te kenne te gee dat die kerk wêreldwyd bestaan en nie per land of streek afgesonderd bestaan nie. Die woord ‘heilige’ beteken eenvoudig dat dit ‘n kerk is wat vir God afgesonder is. Dis ‘n liggaam, Sy ‘nuwe volk’ wat God vir Hom afgesonder het. Dis **uit** die wêreld geroep, **vir** God. Dis nie net **apart** geplaas van ander persone en liggame nie, maar ook **afgesonder** *vir God.* Die woord ‘kerk’ self, is van die woord ‘ekklesia’, wat ook beteken *uitgeroeptes* uit die wêreld om Jesus te volg, afgelei. Die kerk is daarom nie ‘n gebou nie. Die blote feit dat Petrus van die kerklidmate as **lewende** stene praat, sê alreeds dat die kerkgebou daarom nie ‘n gebou kan wees nie (1 Petr. 2:5).

Die kerk moet dus vandag, soos die Jode van ouds gekies is om vir God te getuig, God se getuie wees wat in hierdie donker wêreld van Sy heerlikheid moet getuig. Die kerk is nie gestig met die doel om groot en mooi geboue op te rig, duisende lidmate te hê, oral in die gemeenskap in sosiale en humanitêre aksies betrokke te wees, en finansieel sterk te wees nie. Nee, die primêre taak van die kerk in hierdie wêreld is om as God se getuies op te tree tot Sy eer. As die kerk hierin faal, dan, ongeag sy ledetal, sy finansiële status, sy eiendomme, al sy kommissies en rade, en aktiwiteite, is die kerk ‘n mislukking en het hy sy roeping gemis (Openb. 3:1-2 en 15-18).

Met die uitdrukking *gemeenskap van die gelowiges* bely ons dat die kerk vir alle ware gelowiges, wat Jesus as hul Verlosser en Heer bely, bedoel is. Verder bely ons daarmee dat alle ware christene aan die liggaam van Christus moet behoort. Alle wêreldse koninkryke het sy geheime agente, maar die koninkryk van God erken nie geheime agente in Sy koninkryk nie. Hier werk alles op die beginsel van getuies en getuienis. Ons bely verder dat God nooit bedoel het dat ‘n christen sy of haar christenskap in isolasie moet uitleef nie. Ons is lewende stene wat in God se gebou saam ingebou is. Ons moet mekaar tot eer van God opbou. Hoe moet al die ‘mekaar-tekse’ in die Bybel, (daardie tekse wat sê ons moet mekaar liefhê, verdra, troos, help, vergewe, ens. (meer as 33 sulke opdragte wat ek laas getel het)) dan nagekom word as elke christen niks met die ander te make wil hê nie? God het die kerk gekies as Sy middel waardeur Hy die wêreld wil bereik en geen ware kind van God mag daarom hom van die kerk distansieer nie. Dis ook as ons na onsself, en ons mede-gelowiges kyk, en sien hoe ons optree, en ook sien hoe die Gees in en deur ons werk, dat ons kan sien hoe God in Sy gemeente werk tot Sy eer. Op hierdie wyse word ons geloof en geloofsekerheid versterk, en ontvang God die eer.

Dis tog ook wat die woord *gemeenskap* van die gelowiges, [*koinonia*] onder andere beteken—om in ‘n intieme verhouding met mekaar te deel. Ons deel in laste, seer, vreugde, ons bou mekaar op, ons leer en wys tereg, ons waardeer mekaar se verskille, ons eer mekaar, ons dien saam, ons groei saam, ons getuig saam, ons aanbid saam. In en deur dit alles ontvang God die eer. Die basiese beginsel is eenvoudig: ek behoort aan Christus, en daarom behoort elkeen, wat aan Christus behoort, ook aan my, en ek aan almal, tot God se eer (1 Joh. 1:1-4 en 7).

Wat moet ons dan doen as ons bely ons glo aan ‘n heilige, algemene, Christelike kerk?

- Bid vir die kerk
- Word deel van die kerk
- Dien in die kerk
- Ondersteun die kerk
- Wees lief vir die kerk
- Getuig van die kerk

- Moenie ‘n blote toeskouer wees nie

**Dink saam:**

1. Wat beteken die woorde “heilige en algemene Christelike kerk” vir julle?
2. Vertel vir mekaar hoe julle deel is van die kerk van Christus en hierdie gemeente en hoe julle mekaar dien en ondersteun.
3. Wat kan julle doen om meer te getuig oor julle liefde vir ons gemeente?
4. Wat kan ons doen om nie net blote toeskouers in ons gemeente te wees nie?

**Bid saam:**

Bid vir mekaar dat elkeen van julle, die roeping wat die Here vir julle gegee het in ons gemeente, sal kan uitleef deur die gawes wat die Here vir julle gegee het.

Bid vir ons gemeente leiers, leraars, personeel, lidmate en bedieninge.

**Week 14: 29 Oktober – 4 November 2023**

**Bybelstudie: "Ek glo in ...die vergewing van sondes"**

**Teks:** Ps. 130:3-4; Rom. 6:23; Eks. 34:7; Jes. 55:7; Ps. 103:12, Jes. 38:17 en Jes. 44:22; Miga 7:19

> **"Hy sal ons weer genade betoon, Hy sal ons sondes tot niet maak, U sal al hulle sondes in die diepsee gooi." (**Miga 7:19)

**Lees saam**

Dit is van hierdie deel van die Belydenis dat Martin Luther gesê het dit is vir hom die poort na die hemel, want, het hy opgemerk, 'wat help dit my om te glo dat God almagtig is, dat Hy die hemel en aarde geskep het, as ek nie vergifnis van my sondes kan verkry nie?' Psalm 130:3-4 gee vir ons drie antwoorde op drie vrae oor vergifnis:

1. **Waarom het ons vergifnis nodig?**
   Vers 3 vra: "**As U ons sondes in aanmerking sou neem, Here, wie sou dan nog bestaan?"** Die antwoord is voor-die-hand-liggend: Niemand nie! God is heilig en haat sonde, en daarom het Hy bepaal dat die loon van die sonde die dood is (Rom. 6:23). Frans Kafka het op 'n keer opgemerk dat die moderne mens se probleem onder andere is dat hy soos 'n sondaar voel, maar geen skuldgevoel daaroor ervaar nie. Ons besef ons mis iets ernstigs, maar leef in 'n wêreld wat ons leer dat ons van skuld ontslae raak deur van die reëls ontslae te raak. Al daardie 'Jy moets' en 'Jy mag nie' van die Tien Gebooie maak mense onnodig senuagtig, meen hulle. Mense tree dan op as verslaafdes, geestelik siekes, immorele wrakke, sosiaal-wanaangepastes, en wonder waar dit alles vandaan kom, of erger nog, ons gee God die skuld vir die gemors wat ons aangevang het. Maar God se 'Jy mag nie' en Sy 'Jy moet' bly steeds Sy 'jy mag nie' en 'jy moet'! God sal nie Sy wette verander omdat die mens nie daarvan hou, of sodat hy 'sy eie ding' kan doen nie. Ons is sondaars wat allerlei planne maak om die reëls wat God daargestel het, te verander, maar omdat die reëls eenvoudig nie kan verander nie, eindig ons as geestelike wrakke. Die basiese feit is dat alle mense vergifnis nodig het, en nie daarsonder die mens kan wees wat God bedoel het ons moet wees nie.
2. **Watter hoop het ons om vergewe te word?**
   Kyk na jou eie lewe, en oorweeg of jy dink jy verdien vergifnis. Maar Ps. 130:4 gee ons wonderlike hoop; **"Maar by U is daar vergifnis."** Vergifnis het niks met jou en my verdienste te make nie, [gelukkig nie!]. Om te vergewe, is deel van God se natuur. Hy vergewe graag en dikwels. Dit beteken nie dat die mens daarom misbruik daarvan kan maak nie. Hoor wat God sê in Eks. 34:7: **"Ek vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie."** En dan hoor ons Hom weer deur Jesaja praat in Jes. 55:7: **" Vra na die**

**wil van die Here terwyl Hy nog te vinde is, roep Hom aan terwyl Hy nog naby is. Die goddelose moet sy verkeerde pad laat staan, die slegte mens sy slegte planne. Hy moet hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom genadig wees, hy moet hom tot ons God bekeer, *Hy vergewe altyd weer.*"** Die mens moet eers op die plek kom waar hy erken hy's goddeloos, sleg, en verlore, en hom tot God bekeer, voordat hy op die plek kan kom waar hy sal hoor dat God hom genadig is en vergewe. Daar is geen ander pad na vergifnis nie.

3. **Wat gebeur as ek vergifnis ervaar?**
   Psalm 130:4 se tweede deel antwoord hierdie derde vraag: **"daarom word U steeds gedien."** Oorspronklik het hier gestaan *gevrees* in die plek van die woord *gedien*, maar in ons nuwe vertaling is die woord *gevrees* in meeste gevalle, om een of ander rede, weg vertaal en vervang met die woord *gedien*, wat heeltemal 'n ander betekenis aan die sin gee. Ons kan sê dat die doel van vergifnis is dat ons God dan kan aanbid. Niemand kan voor God in eie geregtigheid gaan staan nie, maar God hou nie rekord van die sondes van enigeen wat Sy kind word nie. Hy vergewe graag en weer, en dink nie meer aan ons sondes nie (Ps. 103:12; Jes. 38:17; 44:22; Miga 7:19). God vergewe ons op grond van wat Sy Seun aan die kruis betaal het vir elkeen wat in Hom glo en Hom aanneem as Verlosser en Heer.

**Dink saam:**

1. Bespreek Frans Kafka se stelling.
2. Hoekom dink jy het jy verlossing nodig?
3. Wat beteken dit vir jou dat die Here jou sondes vergewe?
4. Bespreek met mekaar hoe ons as Christene se getuienis tenoor die wêreld sou lyk as ons werklik soos Christus ons self en mekaar vergewe het? Wat kan ons doen om mekaar aan te spoor tot erkenning van ons sondes en die vergifnis daarvan? Hoekom dink julle sukkel mense om hulle sondes te erken en sien hulle eerder die balk in iemand anders se oë raak? Hoekom dink julle sukkel mense om te vergewe?

**Bid saam:**

Bid vir mekaar dat julle lewens sal getuig van die genade van die Here en vergifnis van julle sondes.

Bid vir die mense wat julle van weet wat sukkel om te vergewe en wat sukkel om God se genade te verstaan.

Bid vir ons gemeente dat ons gemeente lede draers van God se genade sal wees.

**Week 15: 5-11 November 2023**

**Bybelstudie: “Ek glo in ...die opstanding van die vlees”**

**Teks:** 1 Kor.15:32, 51-52, 54; Job 14:14; Hebr. 9:27; Hebr. 9:27; 2 Tim. 1:10; 1 Kor. 15:26; Rom. 5:12; Openb. 21:4; Pred. 12:7; 1 Kor. 15:51-55; 1 Kor. 15:35-37; Joh. 11:25 en 14:19

> **“Kyk, ek maak aan julle ‘n geheimenis bekend: Ons sal nie almal sterwe nie, maar ons sal almal verander word. By die laaste trompet sal dit in ‘n oomblik, in ‘n oogknip gebeur, want die trompet sal weerklink, en die *dooies sal as onverganklikes opgewek word,* en ons sal verander word. En wanneer hierdie verganklike liggaam met die onverganklike beklee is, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike, dan sal die woord wat geskrywe staan, vervul word: ‘Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal. Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel?” (**1 Kor. 15:51-52, 54)

**Lees saam**

Dis die een deel van die Belydenisskrif wat die moeilikste verstaan en verduidelik word. Dit gaan teen alles in wat ons elke dag hoor en om ons sien. Daar is duisende begrafnisse elke dag oor die wêreld heen, maar die laaste opstanding uit die dood wat mense gesien het, was 2,000 jaar gelede! Die dood is die enkele grootste en fundamentele probleem van die menseras en ook sy grootste vrees. Dit is so finaal, vreesaanjaend en skokkend vir elke mens se sintuie wat daarmee gekonfronteer word, dat ons dit selfs moeilik vind om die woord uit te spreek. Tog by die dood ‘n ononderhandelbare realiteit waarmee almal een of ander tyd gekonfronteer sal word.

Dit bring ons by die vraag wat so oud soos die mens self is, en waaroor filosowe, teoloë en treurende geliefdes wonder, en wat Job só bewoord het: **“As die mens sterf, sal hy weer lewe?”** (Job 14:14). Paulus het natuurlik ook hieroor gepraat, en het opgemerk: **“As die dooies nie opgewek word nie, ‘laat ons eet en drink, want môre sterf ons!’”** (1 Kor. 15:32). Die Belydenisskrif is besonder spesifiek hieroor; ons glo in die opstanding van die vlees want die gees van die mens het nooit gesterf nie, en kan daarom nie ‘opstaan’ nie. Die gees bly vir ewig leef. Dit beteken ons gaan nuwe, verheerlikte liggame ontvang, maar hierdie stryd teen siektes en agteruitgang sal nooit weer, soos nou, in ons liggame ervaar word nie. Wat sê die Bybel dus oor die dood?

- Dis seker; niemand loop dit mis nie (Hebr. 9:27)
- Dis nie die einde nie—die oordeel volg daarna (Hebr. 9:27)
- Christus het die dood oorwin (2 Tim. 1:10)
- Die dood is egter steeds die finale vyand (1 Kor. 15:26)

Indien dit so is dat Christus die dood oorwin het, waarom sterf christene dan steeds? Die antwoord lê in die verstaan van die basiese aard van die dood. Bybels gesproke is die essensie van die dood niks anders as skeiding nie. Dood is die onnatuurlike skeiding van liggaam en siel. Daar is niks natuurliks, soos die wêreld ons wil wysmaak, aan die dood nie. Dood is die mees onnatuurlike ding in die wêreld! Die dood het die wêreld ingekom as gevolg van sonde as sou daar voor die sonde geen dood wees nie (Rom. 5:12). Dood is onnatuurlik omdat sonde onnatuurlik is. Wanneer sonde finaal verwyder is, sal daar daarom ook nie meer dood wees nie (Openb. 21:4).

Daar is inderdaad 'n 'wêreld' waar daar nie sonde is nie – die onsienlike wêreld waar God heers, en dis die ware 'wêreld'. Dit wat ons hier sien en beleef as realisties, is tydelik en gaan verby. Uiteindelik sal die dood self ook sterf—behalwe vir diegene wat Jesus as Verlosser verwerp het. Tot daardie dag wanneer die dood self sterf, beskryf Pred. 12:7 hierdie onnatuurlike situasie as volg: **"… die tyd wanneer die stof terugkeer na die aarde soos dit was, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het."**

Van 'n suiwer menslike punt gesien, is dié beskrywing van wat by die dood gebeur, korrek. Maar ons kan die Vader dank dat hierdie vers nie die einde van die verhaal is nie. Die waarheid van die hele verhaal vind ons in 1 Kor. 15:51-55, soos ons by die aanvang van hierdie deel van die belydenis aangehaal het. Daaruit leer ons dat:

- Ons opstanding oombliklik sal wees. Dit sal dus nie oor 'n tydperk of ure wees nie. Soos een kommentator sê: 'As jy jou oogknip, sal jy dit mis!'
- Dit sal 'n totale verandering wees. Ons sal van sterflik na onsterflik en van verganklik na onverganklik verander. Paulus het iets hiervan verduidelik in 1 Kor. 15:35-37.
- Dit sal 'n opstanding wees, en geen reïnkarnasie nie, soos sommige ander gelowe glo. Ons sal elkeen opstaan met dieselfde identiteit as nou—ek sal nie iemand anders, of iets anders wees nie, maar ek sal verlos wees van die straf van sonde, die mag van sonde en die aanwesigheid van sonde.

Die opstanding sal wees van die liggaam sodat ek weer siel en gees en liggaam sal wees, want dit is wat God deur Sy Seun se dood en opstanding bewerkstellig het: die hele mens is verlos! Ek leef omdat Hy leef! (Joh.11:25 en 14:19).

**Dink saam (bespreek):**

1. Hoekom is dit moeilik vir mense om oor die dood te praat?
2. Watter versekering hou hierdie gedeelte van ons geloofsbelydenis vir ons in?
3. Wat beteken dit vir julle dat jy ook die opstanding van die vlees gaan ervaar?
4. Hoe sou julle vir iemand wat nie van ons christelike geloof weet nie, hierdie gedeelte van ons geloofsbelydenis verduidelik?

**Bid saam:**

Bid dat elkeen van julle in die groep die hoop sal ervaar wat hierdie gedeelte van die Belydenis vir ons inhou.

Bid vir mekaar en vir ons gemeentelede wat hartseer is en treur oor die dood van ‘n geliefde.

Vra vir die Here om ons te leer om mekaar te troos en te ondersteun in tye van verlies en hartseer.

**Week 16: 12-18 November 2023**

**Bybelstudie: "Ek glo in ...'n ewige lewe"**

**Teks:** 2 Kor. 5:6-9; Hebreërs 11:16 en 13:14; Efesiërs 2:19; Joh. 17:3

> **"Ons weet dat, solank as ons in die liggaam bly, ons nog nie by die Here woon nie, want ons lewe deur geloof, nie deur sien nie. Ons is vol moed en sou liewer ons verblyf in die liggaam wil verlaat en by die Here gaan woon. Maar, of ons hier woon of daar woon, ons het net een wens , en dit is om te lewe soos Hy dit wil." (**2 Kor. 5:6-9).

**Lees saam**

Vir ons as kinders van God, het die begrip 'huis' nuwe betekenis gekry, en vir baie is dit, as gevolg van hul 'huise' wat hulle hier geken het, deel van hul hoop op 'n beter huis. Hebreërs 11:16 en 13:14 praat van so 'n nuwe tuiste vir God se kinders, en in Efesiërs 2:19 hoor ons Paulus ons nuwe status beskryf as "lede van die huisgesin van God." Die 'huis' wat God gereed gemaak het, noem ons ook die 'hemel'. Die hemel is daar waar Jesus is, en as ons in die hemel is, sal ons vir ewig by Jesus wees. Die begrip 'ewige lewe' vertel ons dat dit nie hier op aarde kan wees nie, want niks hier gaan vir ewig bestaan nie. Ons sal nooit werklik tuis in hierdie wêreld kan wees nie, want ons word gedurig daaraan herinner dat hierdie plek tydelik is. Al die kere wat ons afskeid neem van dinge en mense, sê mos eintlik ook maar vir ons dat hierdie plek tydelik is. Op aarde is daar geen plek waar jy heen kan gaan waar jy nooit weer hoef te groet nie.

Wat is die 'ewige lewe' dan? Dis iets wat net God se kinders beskore is, en dit bestaan daarin: **" … dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is"** (Joh. 17:3). Om hierdie rede het elke kind van God reeds nou al die ewige lewe ontvang, en hoef hy nie te wag tot na sy dood of tot die wederkoms nie. Die ewige lewe is in sy essensie 'n besondere verhouding. Dis nie om te leef sonder om weer te sterf nie. Die ewige lewe wat jy en ek ontvang het, gaan regdeur ons aardse sterwe saam met ons na die Vaderhuis. Sommige mense leef asof die hemel iets is wat eendag in die verre toekoms dalk mag gebeur, en leef daarom so dat hulle hul eie klein hemel op aarde probeer skep met rykdom, mag, en so meer. Maar hierdie aardse hemel sal God eers moet wegneem, anders sal dit ons hel word. Prediker vertel ons die treurige en hopelose verhaal van iemand wat so sy eie hemel probeer skep het en wat telkens moes erken "Dis alles tevergeefs!"

**Dink saam (bespreek):**

1. Hoe sou julle vir iemand wat onlangs 'n Christen geword het die ewige lewe beskryf?

2. Watter impak het die wete dat julle die ewige lewe ontvang het, op die manier wat julle lewe?
3. Vertel vir mekaar wat dit vir julle beteken dat ons by God ons tuiste kan vind, nou al, maar ook eendag as ons lewe hier op aarde verby is.

**Bid saam:**

Bid vir mekaar dat julle lewens reeds nou al getuig van die hoop van julle ewige tuiste en ewige verhouding met God.

Bid vir mekaar vir spesifieke behoeftes wat julle het.

**Week 17: 19-25 November 2023**

**Bybelstudie: Amen**

**Teks:** Tit. 1:2, 2 Sam. 7:28, Gal. 5:6.

**Lees saam**

**GELOOF** was reeds van die begin van die kerk se ontstaan, **kontroversieel**, en Paulus het twee van sy briewe, Romeine en Galasiërs hieraan gewy. Romeine 3:28 sit Paulus se siening duidelik en kort uiteen. Honderde jare later was dit Martin Luther se beurt om geloof as basis van verlossing teenoor die kerk van sy tyd te verdedig, en hy het juis hierdie spesifieke teks uit Romeine gebruik. Gedurende die Reformasie was die spreuk Sola fide, [deur geloof alleen], dan ook een van die slagspreuke van die Reformiste.

1. **Wat is geloof wat red?**

   Ware geloof is 'n heelhartige en eksklusiewe aflegging van jouself en om jou hele vertroue vir jou redding in God se genade te laat. Dit is om jou eie verlorenheid en hopeloosheid as jou eie redder te besef en al jou vertroue in jouself as redder te verwerp en jou geheel en al op Jesus se Persoon en werk aan die kruis te werp vir jou redding. Soos John Berridge opgemerk het: "Jesus is óf 'n volledige Verlosser óf géén Verlosser!" Die mens wat meen dat hy deur eie werke gered kan word, het in effek eintlik daarmee te kenne gegee dat hy geen belang in Jesus as Verlosser het nie!

2. **Wat is die bron van geloof?**

   Die dinge wat ons in glo, kan nie met rede bevestig word of wetenskaplik getoets word nie. Die mens is in geen posisie om enige onafhanklike toets te doen met betrekking tot dit wat hy omtrent sy God geleer word nie. Ons sekerheid van geloof berus direk op die wete dat ons God nie kan lieg nie, en dat Sy openbarings deur Sy Woord dus onfeilbaar is (Tit. 1:2; 2 Sam. 7:28). Dit is waar geloof begin—daar waar God se Woord gehoor word en die realiteit dan in ons harte kom dat hierdie werklik die Woord van die ware God is.

3. **Geloof en Werke;**

   Dat werke jou nie kan red nie, beteken nie dat God daarmee niksdoen as heilig verklaar het nie! Wat ons red, is geloof alleen, maar reddende geloof is nooit alleen nie! Geloof wat red, is geloof wat lewe—en geloof wat lewe, is geloof wat werk! Die bewys dat iemand reddende geloof besit, is juis geleë in die feit dat dit hom aan die werk sit vir God. Hoekom is dit so? Die liefde van Christus, wat Sy lewe opgeoffer het vir jou, dring jou tot werke om jou dank teenoor Christus te betoon.

Die Christen se redding is genade-gedrewe, en jou gesindheid is daarom dankbaarheid-gedrewe (Gal. 5:6).

**4. ‘n Lewe in geloof;**

Geloof red ons nie net nie, maar laat ons ook deel in die ware lewe, wat soms as ‘n wandeling, maar ook as ‘n stryd aan ons voorgehou word. As die lewe in geloof as ‘n stryd beskryf word, wat moet die arme mens sê van sy lewe sonder geloof? Dit kan net ‘n nagmerrie wees!

Hoe moet ons ons geloof laat groei? Ons geloof groei net as ons die doelstellings en hulpmiddels beter bestudeer en gebruik. God se beloftes, God se getrouheid in die verlede, gesprekke met God, Bybelstudie, gemeenskap van die gelowiges, en ook om die hoop wat in ons lewe weer te oordink, en deur ons oë voortdurend op Jesus en dit wat Hy vir ons voorberei het by die Vader te vestig, kan ons geloof groei (2 Kor. 4:16, 18; Hebr. 10:32; Ps. 77:2, 11; Ps. 42:6; 2 Tim. 4:17; Hebr. 12:1-3, 12, 25). Neem hierdie dinge, en oordink dit gereeld, drink dit in en laat dit soos medisyne vir jou siel wees, en dank God oor Sy getrouheid, en jy sal verstom wees om te sien wat God in jou lewe doen. Jy kan dit nooit te veel kere op ‘n dag doen nie, daar is nie so-iets soos ‘n oordosis nie.

**Dink saam (bespreek):**

1. Hoekom sukkel mense met geloof?
2. Speel gevoel of emosies ‘n rol by geloof?
3. Is daar ‘n verband tussen geloof en werke?

**Bid saam:**

Bid dat julle groep en ons gemeente sal groei in geloof.

Bid ook dat ander deur ons lewens ons geloof sal sien en God sal verheerlik.

## Week 18: 26 November – 2 Desember 2023

## Bybelstudie: Bybelstudie Afsluiting

**Teks:** Tit. 1:2, 2 Sam. 7:28, Gal. 5:6.

**Lees saam**

Wanneer ons dan aan die einde van die Belydenis **"Amen!"** sê, dan sê ons daarmee dat ons alles wat ons bely het, inderdaad as waar bevestig. Ons glo met ons hele hart in die waarheid van die Belydenis se inhoud. Ons as christene glo veel meer as die bondige opsomming van ons geloof soos in die Belydenis vervat, maar ons glo nooit minder as dit nie. Daarom eindig hierdie Bybelstudies nie vandag hier nie. Ons reis saam met die Heilige Gees deur die Woord van God, hou nooit op nie.

Lees saam as groep die volgende teksgedeelte en reflekteer saam oor wat die Bybelstudie reeks vir julle elkeen beteken het. Bid vir mekaar vir spesifieke gebedsversoeke, maar ook spesifiek dat die Here elkeen van julle hierdie Kersfees seisoen sal seën.

"Die Here sal julle seën

en julle beskerm;

die Here sal tot julle redding verskyn

en julle genadig wees;

die Here sal julle gebede verhoor

en aan julle vrede gee! (Numerie 6:24-26)

Om ons gemeente te help om hoë kwaliteit Bybelstudie reekse te voorsien wil ons vandag vra dat julle as kleingroep iemand aanwys om namens julle groep, vir ons per e-pos terugvoer te gee oor julle groep se belewenis van die afgelope paar weke se Bybelstudie oor die Apostoliese Geloofsbelydenis. Stuur ook verdere vrae wat julle kwel deur en ons kan dit gebruik as basis vir verdere studiestukke. Stuur die terugvoer so gou as moontlik aan Dr. Lizette van Rooyen, by lizvanrooyen@gmail.com. Indien julle nie 'n e-pos wil stuur nie, kan julle skriftelik terugvoer gee by die kerkkantoor. Elkeen se insette word opreg waardeer.